LAERSKOOL STULTING

AANSOEK OM TOELATING

Vir Kantoorgebruik	*Aanbeveel*	*Nie Aanbeveel*	SKOOLHOOF:			
Datum ontvang		Antwoord		SMS		E-pos	
Toelatingsno.		SA-SAMS		Pastel		D6	

JAAR WAARVOOR AANSOEK GEDOEN WORD: _____ **GRAAD:** _____ **TAAL VAN ONDERRIG:** **AFR** | **ENG**

Die vorm moet deur die ouers ingevul word wanneer aansoek gedoen word om die toelating van 'n kind tot enige openbare skool.
'n Voltooide vorm beteken nie dat die leerder tot die skool toegelaat is nie.
Alle inligting wat gevra word is soos vereis deur die Departement van Onderwys. Alle inligting word as vertroulik hanteer.
Slegs volledig voltooide aansoekvorms sal aanvaar word. Neem kennis dat **SKOOLFOOIE** by hierdie skool gehef word.
Die besluit van die toelatingskomitee is finaal en **GEEN** onderhoude sal toegestaan word nie.

Heg asb. die volgende oorspronklike dokumente (of oorspronklik gesertifiseerde afskrifte) aan die voltooide Aansoek om Toelating-vorm:

- ☐ **AFSKRIF VAN LEERDER SE GEBOORTESERTIFIKAAT**
- ☐ **AFSKRIF VAN LEERDER SE KLINIEKKAART**
- ☐ **AFSKRIF VAN ID VAN BEIDE OUERS**
- ☐ **BEWYS VAN WOONADRES** (telefoon- /munisipale staat)
- ☐ **AFSKRIF VAN ENIGE HOFBEVEL / TESTAMENTÊRE DOKUMENT TER BEVESTIGING VAN VOOGDYSKAP OF ENIGE SODANIGE REG WAT PERSOON ("OUER") OP AANSPRAAK MAAK**
- ☐ **LAASTE AKADEMIESE RAPPORT**
- ☐ **MEDIESE- EN/OF SIELKUNDIGE VERSLAE** (Indien van toepassing)
- ☐ **LEERDER SE OORPLASINGSVORM**
- ☐ **AANSTELLINGBRIEF DEUR WERKGEWER** * (Indien van toepassing)

LEERDERBESONDERHEDE

Van:_____ Doopname: _____

Noemnaam: _____ Geslag: **M** | **V** ID: | | | | | | | | | | | | |

Geboortedatum: dag ____ maand _____ jaar _____ Ouderdom van leerder op 1ste Jan. in die jaar van toelating: _____

Huistaal : _____ Ras: _____ Die leerder kan vlot kommunikeer in: **AFRIKAANS** | **ENGELS**

Geboorteplek: _____ Burgerskap: _____

Posisie van leerder in gesin: _____ Ontvang die leerder 'n maatskaplike toelaag? **JA** | **NEE**

Het u kinders wat tans by laerskool Stulting ingeskrewe leerders is? Indien Ja, meld asb:

Naam: _____ Graad: _____

Naam: _____ Graad: _____

Naam: _____ Graad: _____ Skoolrekening nr : _____

MEDIESE INLIGTING (Kliniekkaart MOET aangeheg word)

Mediese fonds: _____ Hooflid: _____ Lidnommer : _____

Huisdokter: _____ Telefoonno: _____

Allergië: _____ Medikasie: _____

Gebruik die leerder enige medikasie, bv ADHD, depressie, ens? **JA** | **NEE** *Indien wel, spesifiseer:* _____

Enige mediese toestand waarvan die skool moet kennis dra? _____

Is die leerder deur professionele persone getoets, bv sielkundige, arbeidsterapeut ens. **JA** | **NEE** *Indien wel, heg asseblief verslae aan.*

Addisionele kontakpersoon indien ouer/voog nie beskikbaar is nie: _____

LET WEL: ***Leerling behoort voor skoolbywoning teen Tuberkulose (B.C.G.), witseerkeel, kinkhoes, tetanus, masels, Duitse masels, pampoentjies, poliomiëlitis geïmmuniseer te wees.***
Immunisering teen POLIOMlëLITIS en TUBERKULOSE (B.C.G.) is volgens wet VERPLIGTEND.
By die heel EERSTE TOELATING van 'n leerling tot 'n skool of koshuis van die Oos-Kaapse Onderwysdepartement, kan SKRIFTELIKE BEWYS van immunisering teen POLIOMlëLITIS en TUBERKULOSE (B.C.G.) vereis word.

Parafeer: _____

SKOOLREKORD

Vorige skool: _____ Taal waarin onderrig ontvang is: _____

Adres: _____ Graad geslaag: _____

Provinsie: _____ Telefoon: _____

Datum waarop leerling bogenoemde skool verlaat het: _____ E-Pos: _____

BESONDERHEDE VAN OUERS/VOOGDE

	Ouer/Voog 1			Ouer/Voog 2		
Verwantskap						
Van						
Doopname						
Identiteitsnommer						
Huistaal						
Ras						
Beroep						
Werkgewer						
Telefoonnommer (Werk)						
Huisadres						
Posadres						
Telefoonnommer (Huis)						
Selfoonnommer						
E-Posadres						
Huwelikstatus	Getroud	Ongetroud	Geskei	Getroud	Ongetroud	Geskei
	Wewenaar	Weer getroud		Wewenaar	Weer getroud	

DISSIPLINêRE KODE

Alle ingeskrewe leerders is onderworpe aan die Gedrags- en Dissiplinêre kode van die skool. Dit is elke ouer se verantwoordelikheid om hul te vergewis van die inhoud daarvan. (Verwys na Gedragskode op www.stulting.co.za). Met die ondertekening van hierdie aansoek, aanvaar ek die Gedrags- en Dissiplinêre kode soos daargestel deur die Skoolbeheerliggaam.

VERKLARING: OUER/VOOG

Laerskool Stulting kon nog altyd roem op betrokke ouers. Hiermee, gee ek toestemming dat my en my gade se kontakbesonderhede beskikbaar gestel mag word aan Laerskool Stulting se Ondersteuningsklub en kommitees ter uitvoering van hul pligte.

Hiermee verklaar ek/ons dat die inligting vervat in hierdie aansoekvorm en aanhangsels daartoe toegevoeg, waar en korrek is en deur my handtekening hieronder, gee ek/ons die voorsitter van die beheerliggaam of die persoon deur hom aangewys, toestemming om enige van die besonderhede wat deur my gegee is, te bevestig. Ek verstaan dat indien enige van die inligting wat deur my verskaf is, vals gevind word, aksie teen my geneem kan word.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2020.

1. _____ _____
   Naam en van - Ouer/Voog1 Handtekening – Ouer/Voog 1
2. _____ _____
   Naam en van – Ouer/Voog 2 Handtekening – Ouer/Voog 2

Parafeer: _____

FINANSIëLE INLIGTING

Ouer/Voog 1: _____ Ouer/Voog 2: _____

ID nommer: _____ ID nommer: _____

Posadres: _____ E-posadres vir rekeningstaat: _____

Betaalwyse: ☐ Aftrek-order ☐ EFT ☐ Kontant

Let asb. Daarop dat SA skolewet 84/1996 bepaal dat skoolgeld jaarliks vooruitbetaalbaar is. Die Beheerliggaam maak egter die vergunning aan ouers om skoolgeld maandeliks te betaal. Skoolgeld wat maandeliks vereffen word, moet voor die einde van elke maand betaal word. Die Laerskool Stulting kantoor is oop vanaf Maandae tot Vrydae 7:30 tot 14:00, om skoolgeld te vereffen. Kaartfasiliteite is beskikbaar. Indien 'n aftrek-orderstelsel verkies word, is dit u verantwoordelikheid om dit self by u bank te reël.

Let wel dat beide ouers verantwoordelik is vir die betaal van Skoolfooie ongeag huwelikstatus/hofbeslissings.

Meld asseblief of u aansoek gaan doen om Verpligte Skoolfooi Vrystelling ingevolge Regulasie 4(1) van, SA Skolewet. ☐

Volledige Finansiële Ooreenkoms gesluit tussen aansoeker en Laerskool Stulting

Ek/Ons, die ondergetekendes

Naam en Van: _____ Handtekening: _____

Naam en Van: _____ Handtekening: _____

Woonagtig te _____ amptelike adres (*domicillium citandi et executandi*)

In my/ons hoedanigheid as die wettige ouer/voog van _____(hierna genoem "die Leerder") onderneem hiermee ten gunste van Laerskool Stulting (die Skool) soos volg:

1. **SKOOLFOOIE**

1.1 Ek/ons onderneem om die verpligte skoolfooie, soos jaarliks vasgestel deur die Skoolbeheerliggaam by wyse van elektroniese inbetaling (EFT), kontant of aftrekorder teen my bankrekening, te betaal.

1.2 Ek/Ons onderneem gesamentlik en afsonderlik om die skoolfooie te betaal en ek/ons begryp dat:

1.2.1 Die jaarlikse skoolfooi 'n verpligte bedrag sal wees, soos deur die meerderheid van die ouers, by die Algemene Jaarvergadering goedgekeur is.

1.2.2 Skoolfooie is vooruitbetaalbaar op die eerste skooldag van die jaar.

1.2.3 Ons terme is die volgende:
(a) Die volle bedrag kan betaal word, in een bedrag aan die begin van die skooljaar (geen korting vir eenmalige betaling nie).
(b) Die skoolfooi mag, as vergunning van die Skoolbeheerliggaam, in tien maandelikse paaiemente betaal word.

1.2.4 Kragtens die Suid-Afrikaanse Skolewet 84/1996, saamgelees met die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38/2005, is ouers gesamentlik en/of afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van skoolfooie, ongeag hul huwelikstatus.

1.2.5 In die geval van wanbetaling van skoolfooie, sal beide ouers deur die skool gedagvaar word, ongeag onderhoudsreëlings en hofbeslissings tussen die partye.

1.2.6 Kragtens Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, is alle partye wat hulle tot hierdie dokument verbind, aanspreeklik om verpligte skoolfooie te betaal.

1.2.7 Kragtens Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, mag die skool betaling van hierdie verpligte skoolfooi afdwing.

1.2.8 Die Partye verbind tot hierdie ooreenkoms onderneem om alle regskostes te betaal, insluitend prokureurs/kliënte fooi en invorderingsgelde wat deur die skool aangegaan word, indien geregtelike stappe geneem moet word om skoolfooie te verhaal.

1.2.9 **Indien (3) drie paaiemente agterstallig is, sal die totale jaarlikse skoolfooirekening oorhandig word vir invordering**.

1.2.10 Betaling moet voor of op die 7de dag van elke maand deur die skool ontvang word. Let wel dat elektroniese inbetalings reeds op die sewende dag op die bankrekening moet registreer, beplan inbetalings dus vroegtydig.

1.2.11 Ouers wat weens omstandigheide nie in staat is om die skoolfooie te betaal nie, mag om "Verpligte Skoolfooi Vrystelling" aansoek doen ingevolge die regulasie van 2006 by Openbare Skoolgeldskole.

1.2.12 Die skool mag enige persoonlike inligting van ouers se aanspreeklikheid ten opsigte van die betaling van skoolfooie, op die skoolrekenaarstelsel of ander stelsel bewaar.

1.2.13 Die skool mag navraag doen of inligting verkry oor ouers d.m.v. 'n Inligtingsburo of persone wat as agente optree.

1.2.14 Ons gee toestemming dat die skool ons persoonlike besonderhede alleenlik aan oueronderstеuningsgroepe, opvoeders of persone aan die skool verwant, mag deurgee, behalwe as ons skriftelik magtiging gee vir die teendeel.

1.2.15 Indien ouers versuim om skoolfooie te betaal, mag die skool die ouers se wanbetaling aan 'n kredieburo bekend maak. Enige inligting aan 'n kredietburo oorgedra, sal ook aan ander krediteure beskikbaar wees om krediet risiko's te verminder.

1.2.16 **Dit bly die rekeninghouer/s se verantwoordelikheid om state na te gaan vir korrektheid. Indien u en die skool se state nie ooreenstem nie stel asseblief die skool se finansiële beampte skriftelik daarvan in kennis. State word maandeliks na een ouer ge-epos.**

1.3 Die eerste paaiement is betaalbaar op die 7de dag van Januarie van die jaar waarin die LEERDER die skool bywoon en die skoolfooie betaalbaar is, met die laaste paaiement op die 7de dag van Oktober van die betrokke jaar.

1.4 Enige skoolfooie wat nie teen die 31ste Oktober betaal is nie sal aan prokureurs oorhandig word gedurende November vir Invordering.

1.5 Vir die doeleindes van hierdie onderneming, enige kennisgewing of regsaksie teen my ingestel en alle prosesstukke wat op my beteken mag word, kies ek hiermee my adres soos uiteengesit in die aanhef van die onderneming as my *domicilium citandi et executandi.*

OUER TOESTEMMINGSVORM:

INGEVOLGE DIE WET OP BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING 4 VAN 2013 (POPI)

Toestemming om persoonlike inligting te gebruik[1]

- Deur toe te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, magtig u, _____ (NAAM), hiermee Laerskool Stulting vrywillig om u persoonlike inligting sowel as dié van die leerder/s _____ _____ (NAAM) te verwerk, (met inbegrip van die name, straatadres, telefoonnommers en enige ander inligting wat u aan die skool verstrek).
- Verwerking sluit in die ontvangs, optekening, organisering, insortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.
- Hierdie toestemming is onmiddellik van krag en sal van krag bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting nagekom is.
- Die persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is in die lig van die doel waarvoor dit verwerk word, en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPI geskied.
- Die doel van die verwerking van inligting moet met ’n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou.
- Daarbenewens neem u hiermee kennis dat Laerskool Stulting persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgewing en -beleide voorskryf.
- Die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word, en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word.
- Ingevolge artikel 11 van POPI kan persoonlike inligting slegs in die volgende omstandighede verwerk word:
    - Indien die datasubjek, of ’n bevoegde persoon ingeval die datasubjek ’n kind is, tot verwerking toestem.
    - Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitvoering van handelinge met die oog op die sluiting of nakoming van ’n kontrak waarin die datasubjek ’n party is.
    - Indien verwerking voldoen aan ’n plig wat die skool volgens wet opgelê word.
    - Indien verwerking ’n regmatige belang van die data subjek beskerm.
    - Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitoefening van ’n openbare regsplig.
    - Indien verwerking noodsaaklik is om in die skool se regmatige belang op te tree.

U regte ingevolge hierdie toestemming

U het die volgende regte:

- *Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word, en wanneer die skool dit sal bekend maak*. Ál voormelde inligting word vervat in ons Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting en ons Privaatheidsbeleid, wat beskikbaar is en bekom kan word by ons kantore of op ons webtuiste.
- *Die reg om u besonderhede reg te stel.* Die skool sal u inligting bygewerk probeer hou. Indien enige van u besonderhede egter verander, stel ons asseblief in kennis sodat ons rekords so akkuraat moontlik kan wees.
- *Die reg om u toestemming terug te trek*. U mag die toestemming wat u ons ingevolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek. U terugtrekking moet op skrif geskied en aan die inligtingsbeampte van die skool gerig word. Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van u inligting raak nie.

_____ _____

Handtekening van ouer/voog Datum

[1] Hierdie vorm moet in samehang met die *Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting* gelees word.

OUER TOESTEMMINGSVORM:

INGEVOLGE DIE WET OP BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING 4 VAN 2013 (POPI)

Toestemming m.b.t. die gebruik van leerderfoto's/-beeldmateriaal/-video's

Ek, _____ (NAAM EN VAN), verleen hiermee toestemming aan Laerskool Stulting om foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) hieronder te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosialemediaplatforms (waaronder Facebook en Twitter);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn by

die naam genoem mag word, geen persoonlik identifiseerbare inligting van die kind(ers), buiten vir die naam/name van die kind(ers), saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie toestemmingsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) in skoolwebpublikasies.

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

Naam/name van leerder(s) : _____
Naam van ouer/voog : _____
Adres : _____
Stad : _____
Poskode : _____
Telefoonnommer : _____

Handtekening van ouer/voog : _____
Datum : _____

Parafeer: _____

De-Merietes: Toekenning van strafpunte

(Hierdie lys is nie volledig nie en kan na goeddenke van die skoolhoof aangepas word.)

KLASKAMER	***Strafpunte***
Laat vir klas	1
Praat aanhoudend in die klas / ongehoorsaam	1
Boeke / benodighede nie by die skool nie	1
Huiswerkboek nie geteken nie /	1
Huiswerk word nie afgeskryf nie	1
Huiswerk onvoltooid of nie ingehandig nie	2
Eet of drink in die klas	2
Gee aanhoudend nie aandag nie / Doen ander werk in die klas	2
Ontwrigtende of steurende gedrag	2
Minder ernstige oortreding van toetsreëls	3
Ernstige oortreding van toetsreëls	Fasehoof
Stokkiesdraai van klasse	Fasehoof
GANGE	
Sonder toestemming in gange	1
Ontwrig verkeer / loop doelbewus stadig	1
Lawaaierig / hardloop in gange / potensieël gevaarlike gedrag	1
GEDRAG	
Onbeleefde optrede teenoor ander leerders / onderwysers	1
Swak / onaanvaarbare gedrag in die openbaar	2
Geen respek vir eie of ander se eiendom nie	2
Onbeskof teenoor onderwysers / volwassenes	3
Volg doelbewus nie instruksies nie	3
Bakleierig / afknouerig of beledigend teenoor mede leerders / boelie	3
KLEREDRAG / VOORKOMS	
Haarstyl / haarlengte / haarkleur	1
Oorbelle / naellak / grimering / juweliersware	1
Skoolrokke / skoolbroeke / sweetpakke	1
Skoolhemde / skoene / kouse / dasse	1
Dra van die skooluniform	2
TOILETTE	
Besoek gereeld toilette gedurende klastyd (uitgesluit leerders met mediese redes)	1
Besoek toilette tussen periodes sonder toestemming	1
Onaanvaarbare gedrag	2
RYE	***Strafpunte***
Laat vir rye / praat in rye	1
Eet of drink in die rye	1
Ontwrigtende of steurende gedrag	2
Gee aanhoudend nie aandag nie	2
POUSES	
Speel buite afgebakende gebiede	1
Strooi van rommel	1
Onaanvaarbare gedrag	2
SAAL	
Praat aanhoudend in saal	1
Ontwrigtende of steurende gedrag	2
Gee aanhoudend nie aandag nie	2
ALGEMEEN	
Kou kougom / strooi rommel	1
Versuim om buitemuurse bedrywighede gereeld by te woon	1
Bakleierig / stamp en stoot / boelie-gedrag	3
Spoeg	3
Onwelvoeglike taalgebruik (vloek)	3
Oneerlik / leuens / vervalsing	3
Vandalisme / diefstal	Fasehoof
Verlaat skoolgronde sonder toestemming	Fasehoof
In besit van verbode / gevaarlike voorwerpe / speelgoed	Fasehoof
Fisies baklei met mede-leerder	Fasehoof
Rook, gebruik of besit van verslawende middels of pornografiese materiaal	Fasehoof
Onwelvoeglike, onaanvaarbare seksuele gedrag	Fasehoof
Oortreding van eksamenreëls	Fasehoof
Woon nie detensieklas by nie	Fasehoof
Selfone – gebruik tydens skoolure	Fasehoof

Parafeer: _____